

GESINSEREDIENS

Dr Ernst Endres – 10 November 2024

Teks: Hebreërs 8:5 en 9:1-5

Tema: Prentjies van die hemelse werklikheid. (simbole van goddelike genade)

Ons lees in Hebreërs 8:5 dat die tabernakel met sy voorskrifte afbeeldings en skadubeelde van die hemelse heiligdom is, met ander woorde prentjies van die werklikheid,

“Hulle bedien egter slegs ’n afbeelding en skadubeeld van die hemelse heiligdom. Toe Moses die Goddelike opdrag gekry het om die verbondstent op te rig, het God gesê: “Sorg dat jy alles maak volgens die voorbeeld wat Ek jou op die berg gewys het.”

Ons lees in Exodus 24 en 25:

- *Sien God*

“Moses, Aäron, Nadab, Abihu en sewentig leiers van Israel het toe die berg uitgeklim. Hulle het die God van Israel gesien: onder sy voete was ’n plaveisel soos saffiersteen, so blou soos die hemel self.”

- *Replika van die werklikheid: woon*

“Hulle moet vir My ’n heiligdom oprig dat Ek tussen hulle kan woon. Die tabernakel en al sy toebehore moet gemaak word presies volgens die plan wat Ek jou gewys het.”

- *Voorskrifte vir die verbondsark: praat*

“Dáár sal Ek jou ontmoet. Ek sal met jou praat van die deksel af tussen die twee gerubs uit wat op die ark met die getuienis is. Al my bevele vir die Israeliete sal Ek jou van daar af gee.” (*Exodus 25:22*).

- *Voorskrifte vir die erediens: ontmoeting*

“Die eerste verbond het voorskrifte vir die erediens gehad, en ook ’n aardse heiligdom.

- Die verbondstent is opgerig, en in die voorste gedeelte daarvan, wat die *Heilige genoem* word, het die *kandelaar* en die tafel met die *offerbrode* gestaan.
- Agter die tweede voorhangsel was die gedeelte wat die *Allerheiligste* genoem word. Daarin was die goue *wierookaltaar* en die *verbondsark*, wat

Dankoffer

NG Wonderpark • ABSA Tjekrekening • 1460165489 • Takkode 632005 • Verwysing: Dankoffer



- in sy geheel met goud oorgetrek was. In die ark was die goue kruik met *manna*, die *kierie* van Aäron wat gebot het, asook die plat *klippe* met die wet van die verbond daarop geskrywe. Bo-op die ark het die gerubs wat die heerlijkheid van God voorstel, hulle vleuels oor die *versoendeksel* uitgestrek". (*Hebreërs 9:1-5*)

Die ses prentjies van die hemelese werklikheid en die simbole van goddelike genade:

1. *Die offeraltaar*

Die offers is deur die hoëpriester gebring om versoening te bewerkstellig. Die liggaam van Jesus was die finale versoeningsoffer;

2. *Die waskom*

Nadat die offers gebring is, moes die hoëpriester sy hande skoon was. Die bloed van Jesus reinig ons van 'n skuldige gewete sodat ons met 'n skoon gewete en met vrymoedigheid in God se teenwoordigheid kan kom.

3. *Die kandelaar*

Die kandelaar met sy sewe arms is met olyfolie gevul en het permanent gebrand om die donker dele van die tabernakel te verlig. Jesus word die lig in 'n donker wêreld en die olyfolie is die simbool vir die Heilige Gees

4. *Die toonbrode*

Die brode is elke sewende dag met vars brode omgeruil en die priesters kon die ou brode eet. Christus is die brood van die lewe;

5. *Die goue wierookaltaar*

Daar is twee maal 'n dag wierook ge-brand. Dit is die gebede wat opgaan na God. Christus tree daag-lik vir ons in;

6. *Die verbondsark:*

- *Twee gerubs.*
Die teenwoordigheid van God;
- *Goue versoeningsdeksel.*
Plek van ontmoeting- die troon van genade
- *Kruik met manna, staf van Aaron en wette.*
God se voorsiening en wonderwerke

Samevatting: Jesus is gebore om die pad na God op te maak,

"Kom ons gaan dan met vrymoedigheid na die genadetroon, sodat ons barmhartigheid en genade ontvang en so op die regte tyd gered kan word".
(Hebr. 4:16)

BESPREKINGSVRAAG:

1. Prentjies van die werklikheid?
2. Simbole van genade?

SEËNBEDE:

O Here, dink aan U beloftes en
vervul dit in ons lewens:
Waar ons swak is, gee krag
Waar ons verward is, gee leiding
Waar ons ontsteld is, gee troos,
Waar ons dood was, bring lewe
Weg van U af, o Here, is ons niks,
In en met U, kan ons alle dinge doen.

AMEN!